

2017–18

# WÊRELDWYE SOMERS-AANSLAG

*Tot Uitbouing van God se Koninkryk Waar Geloof die Meeste Kos*

*My vriend/in,*

*Jou gebede en geskenke is van deurslaggewende belang om vervolgde gelowiges te help om vas te staan in hul geloof in Christus. Dankie dat jy deel is van die 'Wêreldwye Somersaanslag'!*

*Jan*



Jan Gouws
Uitvoerende Direkteur
Geopende Deure Suider-Afrika

## 20 GEVAARLIKSTE LANDE OM JESUS TE VOLG




1. Noord-Korea
2. Somalië
3. Afganistan
4. Pakistan
5. Soedan
6. Sirië
7. Irak
8. Iran
9. Jemen
10. Eritrea
11. Libië
12. Nigerië
13. Maledive
14. Saoedi-Arabië
15. Indië
16. Oesbekistan
17. Viëtnam
18. Kenia
19. Turkmenistan
20. Katar

**Die Here het my bygestaan en my krag gegee, sodat deur my die prediking heeltemal volbring kan word…Die Here sal my verlos van elke bose werk en my red om in sy hemelse koninkryk in te gaan. (2 Timoteus 4:17-18)**



### DESEMBER GEBEDSFOKUS
### ASIË

Christene in die meeste dele van Asië is ŉ kwesbare minderheid. Hulle staar gereeld diskriminasie, dreigemente, boetes en fisieke mishandeling in die gesig. Kerke is afgebrand. Gelowiges is in die tronk of selfs vermoor.

Behalwe vir die Asiese lande wat in die Top 20 gelys is, bid vir vervolgde gelowiges in Laos, Broenei, Bangladesj, Mianmar, Bhoetan, Maleisië, China, Sri Lanka, Indonesië, en Mindanao (Filippyne).



### JANUARIE GEBEDSFOKUS
### AFRIKA

Die voortuitgang van Islam en tradisionele gelowe in Afrika, plaas Christene in baie moeilike omstandighede. Gelowiges word deur Al-Sjabaab- en Boko Haram-militante geteiken; en baie is vermoor, verkrag of van hul huise ontheem.

Regoor die Sahel-streek versleg die situasie vir Christene. Behalwe vir die Afrikalande wat gelys is in die Top 20, bid vir vervolgde gelowiges in Ethiopië, Tunisië, Mali, Tanzanië, Sentraal-Afrikaanse Republiek, Djiboeti, Comore en Mauritanië.



### FEBRUARIE GEBEDSFOKUS
### MOSLEMWÊRELD

In die Midde-Ooste en ander Islamitiese lande, staar die Kerk ernstige beperkinge in die gesig. Baie gelowiges ontmoet in die geheim. Hulle ervaar hewige druk vanaf hul familie en die samelewing om terug te keer tot Islam, en daarby ook nog, uitwerping, diskriminasie, boetes, gevangeneskap en martelaarskap.

Behalwe vir die Moslemlande wat in die Top 20 gelys is, bid vir vervolgde gelowiges in Egipte, Palestynse Gebiede, Jordanië, Tadjikistan, Algerië, Turkye, Koeweit, Kazakstan, VAE, Bahrein en Oman.

### SLEUTEL-GEBEDSPUNTE VIR ELKE STREEK

- Bid dat God Sy kinders, wat vir hul geloof in Christus vervolg word, sal beskerm, vertroos en voor sal voorsien.
- Bid dat die Kerk sal groei in grootte, eenheid, geestelike volwassenheid en invloed, ten spyte van teenstand.
- Bid dat ongelowiges en vervolgers, in areas waar die Evangelie verbied en beperk word, Jesus sal leer ken.
- Bid dat gelowiges meer toegang sal hê tot Bybels, Christelike literatuur, Bybelse opleiding en ander ondersteuning.

**Bid dat die R10,723,265-doelwit, om vervolgde Christene wêreldwyd te versterk, deur die *2017–2018 Wêreldwye Somersaanslag* bereik sal word!**

E southafrica@od.org | I www.opendoors.org.za
Posbus 1771, Cresta, 2118 | T +27 11 888 9341 | F +27 11 888 9362

Geopende Deure
Diens aan vervolgde Christene wêreldwyd